25 Mei 2025

# Polsslag

Rom. 12: 2

Gereformeerde Kerk Benoni



**Adres**

24b Miles Sharpstraat, Rynfield, Benoni, 1514

**Kerkkantoor ure**

Maandag – Vrydag: 09:00 – 16:30

**Predikant**

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

**Pastorale berader**

Ds. Louis Buys
082 927 2034

**Kontakbesonderhede:**

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

# JESUS SE HEMELVAART

## BEN FOURIE

*Toe Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle toekyk, en 'n wolk het Hom uit hulle gesigsveld weggeneem.*
Hand. 1: 9 (2020)

Vroeër dae was Hemelvaart ook soos die ander belangrike kerklike feesdae 'n openbare vakansiedag, maar ongelukkig is dit later laat vaar en baie gemeentes het glad nie eers meer 'n spesiale erediens op Hemelvaartsdag nie.

Tog is dit 'n uiters belangrike dag in die ontstaan van die kerk. Vanaf die geboorte van Jesus het God se raadsplan vir die mense van die nuwe verbond begin. Hierdie raadsplan het deur 'n kruis en 'n leë graf geloop en met Hemelvaart is 'n volgende episode in die plan geskryf. Ons leef nou in hierdie era, die kerk wat besig is met sy roeping en taak in die wêreld. Op sy tyd sal God ook die laaste episode skryf wanneer Christus weer kom.

Die Hemelvaart bring 'n totaal nuwe dimensie in die raadsplan. Voor die Hemelvaart het Christus self volgelinge gekies en hulle toegerus. Hy het geleer en gepreek, maar na die Hemelvaart word al die dinge aan sy kerk oorgelaat.

Dit beteken nie dat Hy homself nou totaal onttrek het nie, Hy sit tog aan die regterhand van God vanwaar Hy sy kerk regeer.

Sy volgelinge het ten spyte van alles wat gebeur het en alles wat hulle beleef het, nog steeds gehoop dat Hy 'n nuwe aardse koninkryk vir Israel sal oprig. Jesus stel nou ook hierdie wanopvatting reg. Die kerk is nie daar om aardse koninkryke te vestig nie, maar om die koninkryk van God te laat kom. Daarom Jesus se opdrag om die hele wêreld te evangeliseer, 'n opdrag wat nog steeds die eerste en grootste taak is vir elkeen van ons wat bely dat ons 'n Christen is.



*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Bybelgenootskap**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 18 Mei**

**Diens van barmhartigheid**
**R 6 711**
**Snapscan: R4 848.46**
**Emeritaatsversorging:**
**R 2 590**
**Snapscan: R2 162.38**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**:
220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**

Rom 12:2

# Persoonlike groei is eie aan Gees vervulde dissipels

**Matt. 13:31 – 33**

**25 MEI 9:00**



**Gedrewe burgers is toegewyde volgers wat geestelik groei**

Die gelykenis van die mosterdsaad leer die idee van eksponensiële groei in die Koninkryk van God: "Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaadjie wat 'n man geneem en in sy land geplant het. Alhoewel dit die kleinste van alle sade is, is dit tog die grootste tuinplante wanneer dit groei en word dit 'n boom."

Hierdie metafoor beklemtoon die transformerende krag van selfs die kleinste begin en die potensiaal vir betekenis-volle groei in die geestelike lewe.

Geloof is lewend en soos enige lewende organisme moet daar groei en vordering wees. As gelowiges moet ons daarom die potensiaal vir groei verstaan en soek. Ons moet vertrou dat die Here geweldige groei in ons lewens sal bewerk wanneer ons ons oorgee aan sy roeping vir ons d.m.v. die krag van sy Gees. Hierdie groei word gemeet in jou toewyding aan die Here en gehoorsaamheid aan die Koning binne jou roeping om vrug te dra.

**KINDERS: ONTHOU OM 'N BLAADJIE TE VAT OM IN TE VUL IN DIE DIENS**

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

**Aanddiens**

**25 MEI 18:00**

# Wat is God se wil vir jou lewe?

**Ef. 1: 1 – 14; Deut. 29: 29**



Mense is op allerlei maniere besig om na God se wil vir hulle lewens te soek. Hulle soek tekens. Maar ons kry so maklik dit verkeerd in hierdie soeke... omdat ons dink dit gaan oor ons, terwyl dit eintlik alles oor God gaan!

In die soeke na God se wil is daar 'n **makliker** en **moeiliker** aspek. Die makliker aspek (sy geopenbaarde wil) leer ons ken uit bv. Openbaring 5 – God se wil is dat ons met Hom versoen sal wees deur geloof in Jesus Christus.

Die moeiliker deel gaan oor wat ons noem God se verborge wil. Hier moet ons twee aspekte onderskei:

- Dít wat ons kan weet God se wil wás – omdat dit gebeur het bv., met wie jy trou.
- Maar dan ook oor die slegte dinge wat in mens se lewe gebeur - die gevolg van die sondeval. Juis oor eers Adam en Eva se verkeerde keuses, en die mensdom ná hulle. Tog weet ons God se raadsplan is om ook hieraan 'n einde te maak.

Terug na die makliker deel van God se wil: Die Bybel leer ons God se geopenbaarde wil vir ons lewens. Dit wat ons weet ons moet doen om Hom te verheerlik.

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**25 Mei**
Michiel Eloff #
Jani Greyvensteyn #
Tessa Steyn

**26 Mei**
Aidin Billing #

**27 Mei**
Henriëtte Botha
Sigrid Pickering
Anneke Salomons (70) *

**28 Mei**
Brenda Jordaan

**29 Mei**
Carel Daüth

**30 Mei**
Gert Moller (80) **
Annette Venter

**31 Mei**
Soné Nel
Bianca van Wyk

***Dooplidmaat #***
***≥70 * ≥80 ****
***≥90 *****

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Dorene Smit se bloed- en kankertellings lyk goed, maar daar is ‘n gewas op haar regter heupbeen gevind waarvoor sy bestraling moet kry.
- **GELUKWENSING:** Cornelis en Marili Botha verwag ‘n babseuntjie in Oktober. Baie geluk!

## GEMEENTE ADMINISTRASIE

- Ons verwelkom graag die volgende mense in ons gemeente:
  - Barry, Mariza en Julian Gouws
  - Fouché Joubert
  - Jacobus Venter en sy dogtertjie Chloé.







## PALMS BYEENKOMS 21 MEI

Die Palms het Woensdag weer heerlik met ‘n glasie sjerrie in die hand die koue wind trotseer. Die tafels met herfsblare en stompe het mooi ingeskakel by die weer. Peter Classen het met ons gesels oor die veiligheid in ons huise en heelwat raakpunte vir ons uitgewys. Natuurlik het die soppotte in die agtergrond geprut en gou het almal met ‘n koppie sop gesit en kuier. Soos altyd was dit weer ‘n wenner. Ons kuier weer **20 Augustus** saam.



*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*


# BYBELVERSPREIDING DIENSGROEP

**BYBELVERSPREIDING TOT STILSTAND GEDWING**

Die Diensgroep Bybelverspreiding is genoodsaak om die gemeente in te lig dat die fondse van die Bybelaksie totaal uitgeput is vir die eerste keer in 13 jaar. In die verlede het die gemeente met ope harte mildelik bygedra, maar dit blyk dat die ekonomie hier ook sy greep met mening wurg.

In 2023 het ons gemeente **231 Bybels**, en in 2024 'n totaal van **253 Bybels** aangekoop, versprei en aan lidmate verskaf om te versprei, maar na afloop van ons laaste Bybelplasing het die Bybelaksie kas nie enige fondse om nog aksies te loods of om nog Bybels aan te koop nie en die bekommernis is dat dit nou eers Meimaand is.

Ons druk die "*Groot Opdrag*" op elke lidmaat se hart om met vrymoedigheid te gee aan die Bybelaksie sodat ons kan voortgaan met ons opdrag namens ons Gemeente.




Vir meer inligting kontak gerus **Pieter of Heléné by 083 457 8861**, pavoptom@global.co.za of vang ons na die erediens op die grasperk.

## BACK A BUDDY: DELANÈ DU RAND

Klein Delanè is onlangs gediagnoseer met *cerebral palsy*, 'n neurologiese kondisie wat beweging, spiertonus en postuur affekteer. Sy is net 11 maande oud, maar benodig reeds heelwat ekstra terapie en toerusting om haar so goed as moontlik te help ontwikkel. Haar mediese sorg word nie volledig deur versekering gedek nie.



Indien jy met 'n donasie kan help, sal dit gebruik word vir:

- Fisio- en arbeidsterapie wat sy weekliks moet kry
- Toerusting wat haar help om rond te beweeg (bv. loopraam/ rolstoel)
- Betaling vir neurologiese spesialiste
- Speelgoed en gereedskap wat haar brein- en fisiese groei gaan help
- Vervoer na en van terapie
- Veranderinge wat aan die gesin se huis aangebring moet word

Hou asb. ook hierdie gesin in julle gebede en gedagtes. Vir meer inligting en vir donasies, besoek die webtuiste by: https://www.backabuddy.co.za/campaign/delan-du-rand

# LEER KEN JOU MEDE LIDMATE

## Ons is die Flusk gesin. Ons is Shawn, Odette, Jordan en Conner.

Hoewel die van 'Flusk' oorspronklik van Ierland afkomstig is, is ons eg Suid-Afrikaans in hart en siel.

In 2022 het ons van Boksburg na Benoni verhuis vir die seuns se hoërskool onderrig. Nadat ons vir 'n rukkie verskillende gemeentes besoek het, het ons uiteindelik ons geestelike tuiste gevind by die Gereformeerde Kerk Benoni. Shawn is in Mei van 2022 as lidmaat aanvaar en amptelik voorgestel.



Shawn is die besturende direkteur van WIN3 SA, 'n maatskappy wat hy tydens die COVID-tydperk gestig. Die maatskappy ontwerp en vervaardig instrumentasie vir mynbou en industrie.



Ek, Odette, is 'n tuisbly-mamma en die een wat sorg dat ons dagboek altyd op datum is – van ekstra klasse en redenaars optredes tot rugby oefeninge, musieklesse, tyd vir *gym* en gholftoernooie!

Ons seuns is tans leerders by Hoërskool Hans Moore. Jordan is 17 jaar oud en in graad 11, en Conner is 15 en in graad 9.



Albei seuns is selfversekerd, welsprekend en vol lewenslus – hulle neem deel aan redenaarskompetisies en openbare toesprake. Hulle is ook tuis op die sportveld en speel rugby met groot entoesiasme. Jordan is deel van HM se gholf span en dien ook op die VRL-raad.

Jordan en Conner is aktief betrokke by ons kerk se DUST-program. Ons is dankbaar vir die mentors wat so 'n positiewe invloed op hulle lewens het. Die jaarlikse DUST-kamp is 'n absolute hoogtepunt – hulle keer elke keer terug met hernude entoesiasme, geestelike groei en 'n dieper waardering vir hulle geloofspad.

Ons is opreg dankbaar vir al ons seëninge en om deel te wees van GK Benoni.



## TER APPROBASIE VOORGEHOU AS LEIERS

- As ouderling vir Koinonia-Aksiediensgroep: Leoni du Plessis
- As ouderling vir Blok D: Anro van Zyl
- As diensgroepleier vir Palms: Alida Pretorius
- As diensgroepleier vir Groot Gemeente Aksies: Leatitia van Staden
- As diensgroepleier vir Estetika en Dekor: Lizél Venter
- As diensgroepleier vir Beroepsveiligheid en -gesondheid: Hannes van der Linde
- As wyksleier vir wyk D2: Owen Shaw Snr
- As wyksleier vir wyk D3: Magdaleen Shaw
- As wyksleier vir wyk E3: Dirk Pretorius

## INLIGTING RAKENDE DIE BEROEPINGSPROSES – 25 MEI 2025

Die strategiese diensgroep het op 20 Mei vergader.

Uit die vier vraelyste wat afgelope maand uitgestuur is, het ons drie terug ontvang. Twee van hierdie kandidate se voltooide vraelyste is baie belowend en hulle voldoen aan die riglyne wat ons in ons beroepingskriteria gestel het. Die predikante hier ter sprake is **Ds. Barend van der Westhuizen** van Gereformeerde Kerk Ermelo en **Ds. Jaco Linde** van Gereformeerde Kerk Witrivier.

Daar is egter nie baie preke van Ds. Van der Westhuizen aanlyn beskikbaar nie. Die kerkraad het die besluit geneem dat ons hierdie twee predikante graag wil ontmoet en hoor preek voordat ons hulle aan die gemeente voorhou. Ons sal ook graag met hulle ‘n gesprek wil hê om hulle beter te leer ken.

Die huidige besluit is dat ons op Sondag, 1 Junie, afgevaardigdes na die twee gemeentes sal stuur om die oggend erediens by te woon en met die onderskeie predikante informeel in gesprek te tree met die doel om hulle beter te leer ken en duidelikheid oor hul standpunte te kry. Die afvaardigings sal onder die voorsitterskap van ds. Rynhardt Pretorius na Ermelo en dr. Braam Krüger na Witrivier plaasvind.

Indien daar lidmate is wat graag op eie koste saam wil kom, kontak asb. die kerkkantoor en gee jou naam op by Lidia Venter (076 330 2762). Indien ons sien dat die belangstelling te groot is, sal ons moontlik die getalle moet beperk.

Na afloop van die ontmoetings, sal die Strategiese Diensgroep weer DV op 3 Junie vergader en die terugvoer oorweeg, waarna daar aanbevelings aan die kerkraad gemaak sal word.



## Ds. Jaco Linde (GK Witrivier)

- Getroud met Suzaan vir 6 jaar.
- Geen kinders nie.
- Geniet dit om te kamp, fotografie, om te stap met hul honde en tyd met geliefdes deur te bring.
- Hy geniet *trail running* vir oefening.
- Hy het 'n belangstelling in sielkunde en pastorale berading.




## Ds. Barend van der Westhuizen (GK Ermelo)

- Getroud met Carike vanaf 2022.
- Hulle het 'n seuntjie, Hanno.
- Geniet dit om te kamp, te draf en bergfiets te ry. Hy speel graag ook gholf en doen houtwerk in sy vrye tyd.
- Hy is tans besig met sy Meestersgraad in Nuwe Testament.

# Polsslag advertensies

**Mei 2025**

Rom. 12: 2

## RIGLYNE VIR ADVERTENSIES:

- Gebruik duidelik leesbare skrif.
- Afskrifte word in swart en wit gemaak – maak seker die kleure is eenvoudig vir leesbaarheid.
- Advertensies word op die vroegste 4 weke voor 'n geleentheid geplaas.
- Advertensies sal nie langer as 4 agtereenvolgende weke vertoon word nie.
- Stuur asb. alle advertensies na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.

## RIGLYNE VIR KENNISGEWINGS:

- Stuur asb. alle kennisgewins se bewoording na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.

### WERKSGELEENTHEID GESOEK

**Trevor Kruger** is op soek na 'n werksgeleentheid. Hy kan loodgieter-, bou-, hout- of meganiese werk doen, werk as 'n *plastic injection moulding operator en setter* of werk in 'n pakhuis. Kontak hom asb. direk by **072 088 8096**

### NAVRAAG OOR HUURMOONTLIKHEDE

Frans en Nicoli Müller is tans in hul laaste jaar as huisouers by die kinderhuis na 25 jaar se werk. Hulle kyk solank uit na 'n plek om volgende jaar te huur. 'n Huis met tuinwoonstel, net 'n huis of net 'n tuinwoonstel sal goed wees. Dit moet troeteldiervriendelik wees vir hul 2 miniatuur Schnauzers wat saam trek.

Kontak hulle asb. direk indien jy kan help of van iets wees: Stuur 'n Whatsapp na **060 347 4161** of e pos na nicolikrause@gmail.com.




https://forms.gle/zGmF8mWmzbBXFjVQ7




🚗 Make Your Matric Farewell Extra Special with Our Vintage Car! 🚗

Looking for a unique and memorable ride for your matric farewell in the Benoni, Boksburg, or Kempton Park areas? Our stunning vintage car is the perfect choice for your big day!

Let us make your farewell a ride to remember!
For more details, pricing and to book, please contact us!

### SKENKINGS VIR SOLIDARITEIT WELKOM!

Indien jy enige goedere, klere, boeke of ander gebruiksitems in jou huis het wat jy nie meer gebruik nie en wil skenk, kontak asb. Hannes of Elma Venter (083 230 2624). Hulle skenk dit graag aan behoeftiges by Solidariteit.

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*